

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Mei 2010



Lees binne...

- Sokkerskouspel – 'n geleentheid vir die Kerk – 1
- Kyk op na die hemel... – 2
- Verdere kerkordelike nadenke – 3
- 5de Algemene Diakensvergadering – 4
- Watter kant is anderkant? – 6
- 'n Studie oor saamwoon – 6

Kyk op na die hemel...

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Sokkerskouspel – 'n geleentheid vir die Kerk (Ds Etienne Fourie)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**
Kyk op na die hemel...
Leserskompetisie 10
- Bl 3 **Rade en komitees 2010**
Verdere kerkordelike nadenke (Dr Barry van Wyk)
Uniewording (Dr Christo Pretorius)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
5de Algemene Diakensvergadering (Ds Paula Eksteen)
Nuus uit Rustenburg-Suid (Oudl Alet Potgieter)
Krugersdorp-Noord se katkisanterestee (Oudl Dries Jacobs)
Lidmate in Zambië (Ds Piet Rautenbach)
Eendrachtkring
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
Watter kant is anderkant en wie woon daar? (Dr Piet van Staden)
'n Studie oor saamwoon
Lesersbriewe (Dr Koos Engelbrecht en Christo Geldenhuys)
Ringsvergaderings 2010
69ste AKV
- Agterblad **Oordenking**
Jesus is fisies in die hemel (Ds Giel Malan)

Kyk op na die hemel...

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig dat ons benoud raak as ons om ons kyk, en onseker raak as ons vorentoe kyk. Goddank dat ons in sulke tye ook kan opkyk.

Hierdie maand herdenk ons Jesus Christus se hemelvaart. Mag die viering daarvan ons weer as God se kinders bemoedig en inspireer om ons koppe op te tel en op te kyk. Maar daar is nog 'n belangrike aspek van ons geloof wat gepaardgaan met Jesus Christus se hemelvaart. Dit is die belofte van sy wederkoms soos dit bekendgemaak is aan die dissipels wat verdwaas met sy hemelvaart na die hemel bly staan het.

Ons bely dat Jesus Christus se wederkoms met oordeel gepaard sal gaan. Dit is nie iets waarvoor ons bang hoef te wees nie. Inteendeel, dit gee juis aan ons 'n rustigheid te midde van die wêreld waarin ons leef:

*Die mense sal beswyk van vrees en spanning
oor die dinge wat oor die hele wêreld aan die kom is...
As hierdie dinge begin gebeur,
staan dan regop en lig julle kop op,
want dan is julle verlossing naby.
(Lukas 21: 26 en 28)*

Maar vir hulle wat volhard in 'n goddelose lewe, wat aanhou moor, steel, verkrag, lieg en haat, hou Jesus Christus se wederkoms God se oordeel en straf in. Hulle moet inderdaad met vrees en bewing opkyk na die hemel. Ons sal ons roeping as kerk versak as ons nie ook hierdie boodskap verkondig nie.

Sokkerskouspel – 'n geleentheid vir die Kerk

Op 11 Junie 2010 skop 'n skouspel af waarvan ons die gelyke nog nooit in Suid-Afrika gesien of beleef het nie! Dis natuurlik die 2010 FIFA Wêreldbeker Suid-Afrika™, om die amptelike benaming te gebruik. Ds Etienne Fourie van Kempton skryf oor die geleentheid wat dit vir die Kerk bied.

FIFA Wêreldbeker 2010 bied vir elkeen van ons 'n wonderlike geleentheid om nie net trotse burgers van Suid-Afrika te wees nie, maar ook om ons Christenskap op 'n besondere manier uit te leef!

In die Ou Testament was die betoon van gasvryheid nie maar net 'n kwessie van goeie maniere nie, dit is gereken amper as 'n heilige plig. Ons sien dit byvoorbeeld in die verhaal van Lot en die vreemdelinge in Genesis 19. Omdat die twee vreemdelinge, ook genoem *engele*, Lot se gaste is en onder die beskerming van sy dak is, was Lot eerder bereid dat sy twee dogters leed aangedoen word as dat sy gaste seergemaak word deur die manne van Sodom – so ernstig neem hy sy verantwoordelikheid as gasheer op!

Volgens Galasiërs 5 is *vriendelikheid* een van die vrugte van die Gees, en 1 Korintiërs 13 beskou dit ook as een van die eienskappe van liefde. Steve Sjogren maak in sy boek *The conspiracy of kindness* 'n saak daarvoor uit dat jy deur bloot goed te doen aan mense, al is dit op 'n klein manier, vir hulle so iets van die liefde van God wys en hulle so nader aan die Here kan lei. Hy noem dit *Servant Evangelism*.

Daar gaan duisende en duisende besoekers hier wees tydens die Wêreldbekertoernooi. Ons sal hulle orals kry. Deur vriendelik en hulpvaardig te wees, deur doodgewone Boeregasvryheid te betoon, kan ons op 'n baie besondere manier ook die Koninkryk van die Here dien!

5de Algemene Diakensvergadering

Die 5de Algemene Diakensvergadering (ADV) van 19 tot 22 Mei belooft om weer vir afgevaardigdes 'n betekenisvolle vergadering te wees. Ds Paula Eksteen vertel meer.

Die vergadering begin met die gebruikelike openingserediens. Dit word gelei deur ds Annerie Conradie, en die tema van die vergadering, *Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade* (Heb 10: 24), sal die fokus van die prediking wees.

Besonders aan hierdie aand is die eerste oorhandiging van die Jan Reynierz-penning aan 'n lidmaat van ons Kerk wat uitstaande barmhartigheidswerk in die Kerk verrig het.

Die volgende oggend gaan in diepte gekyk word na die funksionering van die ringsdiakensvergadering. Diakens sal kyk na alternatiewe wyses vir diakens en ringsdiakensvergaderings om sinvol te vergader en 'n betekenisvolle verskil te maak ten spyte van moeilike omstandighede soos geweld, 'n gevoel van wanhoop en die swak ekonomiese klimaat.

Diakens verkeer onder geweldige druk weens hierdie omstandighede, veral in die lig van armoede wat ook verreikende gevolge het vir byvoorbeeld bejaardesorg. Prof Andries van Aarde gaan onder andere vanuit die Woord diakens bemoedig in hierdie geweldige stryd teen armoede. Deurgaans sal gekyk word na alternatiewe wyses om 'n probleem te hanteer en hoe ringe ook proaktief kan optree. As ons nie na mekaar omsien nie, hoe kan ons mekaar immers aanspoor tot liefde en goeie dade?

Die DVD *Ongebroke harte*, 'n projek begin deur dr Wilhelm Coetzer, gaan tydens die vergadering vertoon word. Van die belangrike temas in die DVD word ook tydens die vergadering bespreek. Die DVD sal aangewend word om hierdie temas verder te belig.

LESERSKOMPETISIE 10

Vraag:

Op watter datum word Jesus Christus se hemelvaart vanjaar gevier?

SMS die antwoord voor 31 Mei na **071 229 8903**.

Die prys is Helene de Kock se boek *As dood lewe word*. Dit is 'n verhaal van bemoediging vir elkeen wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan.

Die wenner van Leserskategorie nr 8 (Maart 2010) is Susan Vorster van Barberton. Sy wen die Nuwe Lewende Vertaling (NLV) (slapband) van die Bybel.